LAERSKOOL GOEDEHOOP

# Goedes Nuusbrief



NUUSBRIEF 2/2026

## Mnr Gawie sê sy sê...Toets my Here

Ons beweeg na die einde Januarie toe, Desember vakansie is vir baie lankal vergete want Januarie het baie vining begin en ons wonder soms, maar was ons op vakansie? Die werklikheid van 2026 begin ons tref en ons sien die uitdagings op ons voorstoep. Dawid skryf in Psalm 26:2: “Toets my, Here, keur my, ondersoek my deur en deur.” Hier aan die begin van 2026 moet ons vir onsself afvra, is ons bereid om dieselfde versoek aan God te rig? Ons mag dalk baie braaf voorkom en sê, ja toets my, ek is reg vir hierdie jaar. Voor ons te vinnig antwoord, moet ons aan Job dink, binne 'n dag het hy al sy kinders en sy besittings verloor. Na nabetragting mag ons dalk die versoek verander na: “Here, toets my, maar u mag nie hier raak nie. Los net my kinders uit. My beursie, dit is verbode gebied, u kan my nie daar toets nie. My gesondheid, nee Here, my gesondheid mag u nie toets nie.” Liewe ouers, ons as ware gelowiges besef dit werk nie so nie. Wanneer ek my 2026 aan die Here toevertrou en sê Here, toets my, beteken dit, Here toets my net waar u my wil toets. Here ek weet ek verstaan nie altyd nie maar eendag sal ek miskien ten volle weet maar vir nou is ek in u hande. Ons leer 'n groot waarheid by Job in Job 2:10: “As ons die goeie van God aanvaar, moet ons nie ook die slegte aanvaar nie?” Mag ons dan bid hierdie jaar, toets my Here, maar voor u my toets versterk my eers sodat ek die toets kan slaag. Skenk aan my die wysheid en insig om u in elke toets raak te sien en myself dan af te vra, wat sou Jesus gedoen het?

## Goegieland

Neem asseblief kennis van die volgende belangrike reëlings en datums:

**HEKKE:** Ons vra vriendelik dat ouers asseblief alle hekke agter hulle toemaak, veral die hek tussen Graad 00 en Graad R. Dit is uiters belangrik vir die veiligheid van al ons Goegies.

**EERSTE PRETDAG**: Ons eerste pretdag vind plaas op Vrydag, 30 Januarie 2026. Maats mag aantrek volgens hul klastema. Onthou asseblief dat ons pretdae nie ingestel is om u geld te kos nie.

**GOEGIESPELE:** Wanneer? Vrydag, 13 Februarie 2026 vanaf 14:00 tot 16:00. Meer besonderhede sal nader aan die tyd gedeel word op die klasgroepe.

**OUERLEIDING:** Die belangrikheid van grense. Duidelike en konsekwente grense help kleuters om veilig en seker te voel. Wanneer kinders weet wat van hulle verwag word, bou dit selfvertroue, bevorder goeie gedrag en leer hulle selfbeheersing. Grense skep nie beperking nie, maar gee struktuur waarbinne kinders vry kan leer, speel en ontwikkel.

**BUITEMUURSE AKTIWITEITE:** Alle demonstrasies is afgehandel. Formele lesse begin in die eerste week van Februarie 2026. Stuur asseblief teen einde volgende week die briewe terug van aktiwiteite waarin u kind belangstel.

**ROOMYSVERKOPE:** Roomysverkope begin op die eerste Woensdag in Februarie 2026. Laai gerus die Karri- toep af om betaling te maak vir die kwartaal.

Baie dankie vir julle samewerking en ondersteuning. Ons sien uit na 'n opwindende en leersame kwartaal saam met ons Goegies.

Groete uit Goegieland

## Week se Program

### 28 Januarie 2025

- **Landsdiens Registrasie (Elektronies)**

### 29 Januarie 2025

- **Knipmesbraai**

### 30 Januarie 2025

- **Goegieland: Trek aan soos jou klastema**

### 31 Januarie 2025

- **Atletiek Prestige**

**Knipmesbraai Google-Vorm**



## Nuwe leier en skolierpatrollie

Baie geluk aan Mienke Grobler wat verkies is as leier agv 'n dogter wat verhuis het. Baie geluk aan Riandri Kritzinger wat verkies is as skolierpatrollie in Mienke se plek.







## Akademie

Die eerste twee weke is verby. Dis lekker om te sien almal is woelig en besig. Hoe heerlik is dit nie om die nuwe maats te leer ken, hulle te sien deelneem en deel word van Laerskool Goedehoop. Daar is al in boeke gewerk, assesseringsplanne uitgedeel en voor ons weer sien begin ons met kwartaaltoetse.

## Atletiek

Baie geluk aan ons atlete wat tydens ons Interhuis Atletiekbyeenkoms die rekords laat spat het. 'n Besonderse gelukwensing aan Jane du Preez wat 'n rekord van Marelise Higgens gebreek het wat reeds 20 jaar gestaan het! Baie geluk Jane!

| | | |
|---|---|---|
| Jane du Preez | - | o/9D 60m |
| Dian Viljoen | - | o/13S 200m |
| Arlu Greeff | - | o/9S 80m |
| | - | o/9S 600m |
| Handré Carstens | - | o/9S 80m |
| Pienaar J v Rensburg | - | o/8S 600m |
| Armand Marais | - | o/8S 600m |
| Jayden Ferreira | - | o/13S 80mH |
| Wiané v d Berg | - | o/10D Gewigstoot |




## Drama

Drama oudisies vir 2026, vind komende week in die Leeutjie-klas plaas. Die tye gaan vandag, 23 Januarie 2026, op die Oudisie WhatsApp-groep geplaas word. As u nog nie op die groep is nie, druk op die skakel hier langsaan, om by die groep aan te sluit.

Drama WhatsApp

LAERSKOOL GOEDEHOOP
GROEI EN BLOEI

Goedehoop-Groete
Mnr Gawie van Niekerk
Prinsipaal




| 26 Jan | 27 Jan | 28 Jan | 29 Jan | 30 Jan | 31 Jan | 1 Feb |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Ameja Dalgleish<br>DJ vd Vyver | | Duardo Jacobs<br>Johandré Liebenberg<br>Jayden Ferreira<br>Liah Diedericks<br>Leander Erasmus | Nathan Prinsloo<br>Zaedyn Nortje<br>Madison Steyn<br>Diané Potgieter | | Matthew Pienaar | Lily-Ann Saayman<br>Jana Botha |

LAERSKOOL GOEDEHOOP

GROEI EN BLOEI

# Aanlynklerewinkel

## Dis so maklik soos... 123

- Besoek die skool se webblad

**www.laerskoolgoedehoop.co.za**

- Kliek op die klerewinkelskakel




- Kliek op die item en kies die grootte







- Volg die skakel vir veilige betaling